LES 2: WOEDE

Vlugteling

BENODIGDHEDE:
2 glase halfvol water
Waterbestande skinkbord
Asyn
Koeksoda

TONEELSPEL:
Johan en Pieter is twee boeties en hulle speel met hulle karretjies. Skielik is daar 'n slag van dinamiet wat skiet. Johan en Pieter skrik en hou op met speel.

Johan: Wat is dit, Pappa?
Pa: Dis dinamiet wat so skiet, Johan.
Pieter: Sjoe, maar dis 'n groot geraas.
Pa: Ja, die mense is besig om 'n tonnel deur die berg te skiet sodat die pad deur die berg kan gaan.
(Nog 'n slag van 'n ontploffing.)
Johan: Dit voel of alles uitmekaar uit skiet.
Pa: Dit voel so, maar dit sal darem nie ons of ons huis uitmekaar skiet nie, hoor.
Johan: Maar ek is bang, Pappa.
Pa: Toemaar, ons is veilig hier. Solank ons ver wegbly van die dinamiet af, sal ons nie seerkry nie.
(Pieter en Johan gaan aan om met hulle karretjies te speel. Na 'n rukkie begin hulle stry oor een karretjie.)
Johan: Gee my karretjie hier!
Pieter: Ek sal nie, want dis my karretjie.
Johan: Is nie, ek het hom eerste gehad.
Pieter: Maar dis dan my karretjie. Dit maak nie saak dat jy hom eerste gehad het nie.
Johan: Is nie, dis my karretjie. Hy lyk net so.
Pieter: Is nie, joune is al leliker. Hierdie een is myne.
Pa: As julle nie nou ophou stry nie, vat ek al julle karretjies af.
Pieter: Haai, daar lê nog so 'n karretjie. Jy kan maar die een kry.
Johan: Dankie, nou het ons elkeen 'n karretjie om mee te speel.
Pieter: Okay, kom ons bou nog 'n pad.
Pa: Dis beter. Sien, julle kan albei lekker saam speel. Julle hoef nie altyd te baklei nie. As julle so baklei, is dit net soos die dinamiet wat julle netnou so laat skrik het.
Speel lekker verder sonder om te stry.

RYMELVERS: Ons lees in Spreuke 15:1: "'n Sagte antwoord laat die woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam."

EKSPERIMENT: Neem 2 glase. Maak 1 halfvol water en die ander een halfvol wit druiwe asyn en sit op 'n waterbestande skinkbord.

METODE: Drink 'n sluk van die glas water. Verduidelik dat die glase mense voorstel. Vat nou 'n bietjie koeksoda en verduidelik dat dit 'n argument voorstel. Gooi 'n lepeltjie koeksoda in die water en daarna in die asyn. In die water sal die probleme na onder sak en in die asyn sal dit die glas laat oorborrel.

TOEPASSING: Wanneer ons God in ons lewe het, sal ons probleme nie noodwendig verdwyn nie en ons sal tog 'n oplossing moet vind (roer die glas tot die koeksoda oplos). Wanneer ons egter nie vir God in ons lewe het nie en kwaad raak wanneer daar probleme op ons pad kom, sal ons oorborrel van woede en dit sal net meer probleme veroorsaak.

AKTIWITEIT: Gee vir elke kind 'n papier en laat hulle daarop skryf of teken hoe hulle voel as hulle kwaad is. Gee eers vir hulle 'n paar oomblikke om daaroor te dink.

Dis nie verkeerd om kwaad te voel nie. Die manier hoe jy daarop reageer, is wel belangrik.
Effesiers 4:26, 27: "Moenie sondig as jy kwaad word nie. Moenie tot die aand toe kwaad bly, en die duiwel so 'n houvas gee nie." (NLV)

Hier is 'n paar wenke van dinge wat jy kan doen wanneer jy kwaad is:

- **Haal diep asem.**
- **Stop en dink hoekom jy kwaad is.**
- **Dink of dit regtig so erg is soos wat jy dadelik gedink het dit is.**
- **Dink aan oplossings om te reageer sonder om die ander persoon seer te maak of lelik te praat.**
- **As jy nie kan rustig reageer nie, draai om en stap weg.**
- **Teken 'n prentjie van die rede waarom jy kwaad is.**

ALTERNATIEWE AKTIWITEIT: Beskryf 'n klomp scenarios waar die een kind die ander kon kwaad gemaak het en laat die kinders maniere noem hoe hulle rustig kan reageer sonder om lelik te wees met mekaar of lelik te praat.

GEBED: Liewe Jesus, help my asseblief om nie gou kwaad te word nie. Help my ook dat ek nie lelike dinge sal doen of sê as ek kwaad is nie. Leer my asseblief om myself te beheer sodat ek nie kwaad doen as ek kwaad word nie. Help my asseblief om te onthou dat liefde die antwoord is. Amen.